1. Staatsdiens Pensioenfonds

Daar is die afgelope tyd baie debat gevoer en gerugte versprei onder staatsamptenare tov die stand van die staatsdiens pensioenfonds en baie mense het selfs sovêr gegaan as om hulle werk te bedank omdat hulle onder die indruk is dat hulle geld gaan verloor. 'n Skrywe deur die Minister van Finansies, Nhlanhla Nene in die verband is op die webtuiste geplaas en kan afgelaai / besigtig word by die volgende webskakel:

Minister of Finance, Honourable Nhlanhla Nene, MP, Parliamentary Statement on Retirement Reforms and Rumours, 4 September 2014:
http://www.wellingtoninfo.co.za/files/8014/1085/3085/RetirementReformsSpeech_1.pdf

2. Huisbraak in Uitsig

"Ek lig julle ook net in dat daar ingebreek in by my en my broer se karavane langs my huis te 2 De Laan en groot skade is aangerig, gedurende verlede week. Verder is helder oordag ook items uit my buurman oorkant die straat se garage gesteel, nadat die inbreker oor 'n hoë veiligheidshek geklim het, terwyl die buurman in sy huis was. Groete Van Dyk Cilliers"

3. Gevonde eiendom

3.1 "Verlede Maandag het ons 2 keyboards opgetel op Wamkaersvallei Opleidingsentrum se stoep. Het iemand dit dalk verloor? Dit is aan die polisie oorhandig, ek het nog van hulle verneem of hulle die eienaar kon vind nie. Groete Elsabe"

3.2 "In die oop veldjie op die hoek van Cummingstr en Bainstr het ek 'n groot bos sleutels opgetel. Daar stap nie baie mense deur nie, so ek kan nie regtig dink wie dit daar kon verloor nie. Ek kan gekontak word by 079 895 5972. Dankie Elsabe"

4. Waarskuwing tov slenter

"Ek was vandag in Riebeeck Kasteel/Wes en dit lyk my die KOMPOS scam het weer kop opgesteek. 'n Rooi Toyota Raider bakkie – CFG 96992 - met vier mans in 'verkoop' kompos teen R10 per sakkie. Voor mense hul oe uitvee, het hulle vragtevol op hulle gras uitgegooi en ingehark en dan eis hulle tot meer as 'n duisend rand vir die 'aflewering'. Hulle raak aggressief as jy weier om dit te aanvaar of om te betaal. Hulle teiken meestal ouer mense en die wat alleen by die huis is. Dis 'n ou trick, maar lyk my die mans probeer dit sommer weer. Hulle was die afgelope paar dae daar in die Riebeecks besig, maar nou is mense daaroor gewaarsku. Dalk kom probeer hulle nou hier by ons. Groete Sharon"

5. Afskiet van klappers en ander vuurwerke

"Ek wil graag onder u aandag bring dat ons diere baie swaar kry onder klappers en vuurwerke wat kinders in die buurt skiet. Ons woon in Verbenastraat en die hele area vanaf St Barnard; St Thomas; Verbenastraat ensv se diere loop deur. Ons het al die polisie ook in kennis gestel, maar dit skrik nie die kinders af nie. Almal weet dit is onwettig om in die publiek klappers/vuurwerke te skiet en te verkoop. Dus wil ons graag hê daar moet iets aan die saak gedoen word. Dit is nog ver van 5 November, maar ons moet nou reeds skade lei. Ons 10maande oue hond was ook reeds skade aangedoen deur kinders wat klappers bo op hom gegooi het. Ons was nie tydens die voorval tuis nie, en weet nie presies wie dit was nie. Dus sit ons nou met die skade en onkostes. Sal u asb iets in die verband kan doen? Vriendelike groete, Charlene Leibrandt"

6. Verkeersprobleme

6.1 “IS DAAR NIE N PLAN WAT MENS KAN MAAK MET DIE VERKEERSAFDELING, BY DIE OORGANG BY DIE FONTEIN NA HUGENOTE HOëR EN AF NA KERK STRAAT IN DIE OGGENDE NIE?? DAAR GAAN NOG N GROOT ONGELUK DAAR GEBEUR!!!!!!!!!!!!!! Wessel Badenhorst”

6.2 “Ek is tans in ’n saamryklub met ’n gestremde persoon wat in ’n rolstoel is. Dit is reeds moeilik om in en uit ’n motor te kom en met groot moeite en gesukkel inkopies te gaan doen. Die gestremde parkeerplekke is aansienlik groter as die normale plekke om voorsiening te maak vir die rolstoel langs die motor. Dit imiteer my grenseloos as ’n gesonde persoon op die aangewese gestemde parkeerplek stop. Ons kan wel ’n verskil maak om die boodskap te versprei. Onder die foto is ’n oplossing hoe om ’n verskil te maak en meer bedagsaam te wees (aanhaling: Stupidity is not a Disability). Groete en dankie. Albert”

www.WellingtonINFO.co.za